



HOÛRSKOOL OOSTERLIG

REKENAARTOEPASSINGTEGNOLOGIE – KWARTAALOPDRAG 3 (TEORIE) GRAAD 10

VAKONDERWYSER: Me. L Doble

DATUM: 17 Junie 2020

HOD/VAKHOOF: Me. C Myburgh


INHANDIGINGSDATUM: 24 Junie 2020

PUNTETOTAAL: 10 punte

**TOTAAL = ----
10**

Naam & Van: _____ **Klas: 10**_____

Instruksies en inligting

- Maak ASSEBLIEF seker dat jy jou naam EN van voltooi het hierbo. 
- Hierdie is 'n invul vraestel wat beteken dat jy alles op die opdrag self gaan voltooi. Maak gebruik van die lyntjies verskaf onder elke vraag om die antwoorde te gee.
- Lees elke vraag se instruksies mooi
- Skryf slegs met BLOU pen.
- Geen "tippex" of "highlighters" nie.

Vraag 1 – Hardeware

1.1 Bestudeer die spesifikasies van die rekenaar hieronder en beantwoord die vrae wat volg:

Intel Core i5 CPU up to 3.1 MHz
4 GB RAM
500 GB hard drive
No optical drive
3 x USB
Fingerprint reader
MS Windows 10 Home
Built-in webcam, speaker, mic

1.1.1 Wat is die grootte van die hoof-stoorfasiliteit van hierdie rekenaar, in Teragrepe? (1)

1.1.2 Watter komponent binne die rekenaarkas maak dit vir die SVE en RAM (en ander dele) moontlik om met mekaar te kommunikeer? (1)

1.1.3 'n USB-*hub* word nie in die spesifikasies gemeld nie, maar vir watter doel sou mens 'n USB-*hub* vir hierdie rekenaar wou aanskaf? (1)

1.1.4 (a) Watter toevoertegnologie word met die gebruik van die vingerafdrukleser geassosieer?

(b) Sê ook waarvoor die vingerafdrukleser waarskynlik gebruik sou word **in minder as 4 woorde**. (2)

1.1.5 Hierdie rekenaar het geen optiese aandrywer (vir CD's of DVD's) nie.

(a) Wat is die mees waarskynlike manier hoe sagteware op hierdie rekenaar geïnstalleer kan word? (1)

(b) Gee EEN redes hoekom optiese aandrywers nie regtig meer gebruik word nie. Moenie enige antwoord wat jy vir 1.1.5 (a) gegee het, hier gee nie. (1)

1.1.6 Gee EEN gebruik van 'n webkamera, behalwe die neem van foto's. (1)

1.2 Gee die naam van die tegnologie wat dit moontlik maak dat twee slimfone lêers koordloos oor 'n kort afstand kan uitruil. (1)

1.3 Waarvoor word die kortpad <Ctrl><Z> gebruik word. (1)

[10]